# Ons het rede om fees te vier!

# Neh 8:1-12 Die mees volledige beskrywing van ‘n Yom Teruah in die Skrif!

## Deel 1 – Vers 1-6

**Die hele volk het gesê: Amein, amein! met opheffing van hulle hande (vers 3)**

**Wees dan nie bedroef nie, want die blydskap in Yahweh - dit is julle beskutting (vers 10)**

## Deel 2 – Vers 7-12



Neh 8:1-6 En Ezrah, die priester, het die Torah voor die vergadering gebring, manne sowel as vroue en almal wat met verstand kon luister, op die eerste dag van die sewende maand. En hy het daaruit voorgelees ... vandat dit lig geword het tot die middag, in teenwoordigheid van die manne en die vroue en die wat kon verstaan; en die ore van die hele volk was op die boekrol van die Torah gerig ... toe hy dit oopmaak, het die hele volk opgestaan ... En Ezrah het Yahweh geloof, en die hele volk het gesê: Amein, amein! met opheffing van hulle hande; en hulle het hul gebuig en Yahweh aanbid.

Neh 8:7-12 Hierdie dag is afgesonder aan Yahweh julle Elohiem; treur nie en ween nie! Want die hele volk het geween toe hulle die woorde van die Torah hoor. Verder het hy vir hulle gesê: Gaan, eet lekker kos en drink soet dranke en stuur porsies aan hulle vir wie niks berei is nie; want hierdie dag is afgesonder aan onse Yahweh. Wees dan nie bedroef nie, want die blydskap in Yahweh - dit is julle beskutting. En die Lewiete het die hele volk tot bedaring gebring en gesê ... wees nie bedroef nie. Toe het die hele volk weggegaan en groot vreugde beleef, want hulle het ag geslaan op die woorde wat aan hulle bekend gemaak is.

# Die duidelike ondertoon van vreugde by hierdie fees

## Deel 1: Vers 1-6

- Hulle het die ore gespits
- Hulle het Yahweh geloof
- Hulle het die hande opgehef
- Hulle het Yahweh aanbid

- Hulle het verstaan
- Hulle het opgehou om te treur
- Hulle is met blydskap vervul
- Hulle het saam geëet en gedrink
- Hulle het groot vreugde beleef

## Deel 2: Vers 7-12



# Wat was die rede vir hulle vreugde en blydskap?

Hulle het ontdek dat die Torah uit Yahweh se mond beter as goud en silwer is (Ps 119:72)

Hulle het beleef dat die Torah van Yahweh hulle siel verkwik (Ps 19:7)

Hulle het hulle verbly in die grootheid, andersheid en uniekheid van Yahweh, hulle Elohiem (Jes 29:19)

Hulle het verstaan dat die saaityd van trane plek gemaak het vir 'n oestyd van vreugde (Ps 126:5)

# Wat is die groot idee agter Yom Teruah?

Job 38:7 (Die skepping) ... toe die môresterre saam gejubel en al die seuns van Elohiem gejuig ("ruah") het?

Ps 98:6 Met trompette en geklank van die rams-horing; juig ("ruah") voor die aangesig van die Koning, Yahweh!

1 Sam 4:5 Toe die verbondsark in die kamp inkom, hef die hele Yiesraél 'n groot krygs-geskreeu ("ruah") aan, sodat die aarde gedreun het.

Num 10:9 En as julle in oorlog kom ... moet julle met die trompette blaas ("ruah"), dan sal ... julle van jul vyande verlos word.

# Watter ander seine word met die blaas van trompette uitgestuur?

1 Kron 16:42 Daar was trompette en simbale vir die musikante en instrumente vir die liedere tot eer van Elohiem.

Ezrah 3:10 Toe die bouers dan die fondament van die tempel van Yahweh lê, het hulle die priesters met trompette opgestel om Yahweh te loof.

1 Kor 15:52 Die laaste basuin sal weerklink, en die dode sal onverganklik opgewek word; en ons sal verander word.

Opb 1:10 Ek was in die Gees op die dag van Yahweh, en ek het agter my 'n groot stem gehoor, soos van 'n basuin (basuin/blaas: 18 keer in Opb).

# Hoe lewe mense wat uitsien na Y'shua se koms ?

Hulle doen alles in sy Naam, asof Hy reeds by hulle is (Efes 5:20).

Hulle koop die tyd uit, omdat hulle weet dat ons in die laaste dae leef (Kol 4:5).

Hulle word nie moedeloos nie, omdat hulle fokus op die een wat die eindpunt van hulle geloof is (Heb 12:1-2).

Hulle streef geregtigheid na, omdat dit die belangrikste eienskap van die koninkryk is (1 Joh 3:10).



# Watter waarhede van die Skrif kan ons droefheid in vreugde laat verander?

- Die waarheid dat Yahweh nooit verander nie – ook nie sy woorde en beloftes nie.
- Die waarheid dat niks ons van die liefde van Yahweh kan skei nie – nie eens die dood nie.
- Die waarheid dat Y'shua dieselfde pad as ons gestap het – en verlos is op 'n manier wat hierdie wêreld nie ken nie!
- Die waarheid dat die dinge wat ons bedroef maak, ons ook kan sterk maak – en voorberei vir die Dag van die laaste trompet!

